# Lesing 07.02.2018 - Die geheim van menswees DEEL 5

Die aanleiding tot die ontstaan van die skepping

***B.D.7770 - 12 Desember 1960***

Julle menswees is die gevolg van julle afvalligheid van My, voorheen in die geestelike Ryk. Dit is al verskeie kere aan julle uitgelê dat julle self die aanleiding gegee het tot die ontstaan van die aardse skepping, waarin julle as "kroon van die skepping', weer die oertoestand moet bereik, wat julle eens vrywillig weggewerp het.

Julle self het My daartoe beweeg om die aardse skepping te laat ontstaan, want Ek het vir julle `n weg gesoek en gevind om terug te keer tot My. En dit is hierdie weg deur die materiële aardse skeppings-werke; terwyl die laaste stadium op hierdie weg oor die aarde, julle bestaan is as mens. Want nou moet julle weer die vrywillige terugkeer tot My aanvaar, soos wat julle julleself eens vrywillig van My verwyder het.

Julle was oorspronklik goddelike wesens, wat as teken daarvan steeds `n vrye wil besit het; en die bestaan as mens gee julle die moontlikheid om julle goddelikheid te bewys. En dit gee ook vir julle die geleentheid om julle vrye wil weer na My te wend, dus weer in verbinding met My te tree. Want dan het die aardse skeppings hulle doel vervul en het die "werk van terugvoering" tot stand gebring, wat My plan is sedert die Ewigheid.

En so moet julle alle skeppings om julle heen beskou as gevolg van julle verset teen My, maar ook as middel om My weer te leer ken. Julle moet die skeppings begryp as `n "uiting van My liefde" vir julle, wat Ek nie wil verloor nie; en julle moet weet dat My onoortreflike wysheid die skepping as die sekerste middel erken om julle weer terug te wen.

En julle sal ook eenmaal self die weg wat julle deur die skeppings afgelê het kan oorsien, en dan bomate dankbaar wees vir die barmhartigheid wat My eindelose liefde aan julle verlore gegane wesens skenk. Dan sal die skepping vir julle geen kluistering meer wees nie, maar die grootste bewys van My liefde. En dan sal julle self weer wil deelneem aan die skep van dinge, om die geestelike weer die moont-likheid te bied tot die uiteindelike terugkeer tot My.

Want net soos My liefde My tot skepping beweeg, so sal ook die liefde julle nie laat rus nie. Julle sal dan die krag wat van My na julle toe stroom, benut volgens My Wil, en julle sal skeppend en vormend besig wees tot julle eie geluksaligheid. Maar daartoe behoort `n bepaalde graad van geestelike rypheid, wat julle julleself reeds in die aardse lewe kan verwerf, as julle slegs julle vrye wil op die korrekte manier gebruik, en julle julleself na My toe keer. Want dan keer julle siel terug tot die Oerbron van lig en krag, vanwaar julle eens uitgegaan het. En dan kan julle onbegrensde krag en lig ontvang, dan sal julle naas My skep en kan werk, en salig wees.

En so beteken die skeppingswerke enersyds nog `n dwang vir die onryp geestelike, maar vir die vrye geestelike die moontlikheid om in liefdesdade werk-saam te wees en die onverloste te help. Die skeppings-werke is enersyds self die geestelike wat nog gekluister is, en tog help hulle andersyds die geestelike tot vrywording, omdat alle skeppings hulle bestemming moet nakom, naamlik dit, sodat die daarin gebonde geestelike kan vry word.

En die verloste geestelike wat in die "lig" staan, weet daarvan en is in sy liefde voortdurend besig om volgens My Wil nuwe skeppings te laat ontstaan. Hy neem deel aan die skepping, omdat hy ook My heilsplan van die Ewigheid ken, en wil meehelp met die terugvoer van al die geestelike na My toe. En daarom moet die materiële skepping as die ryk van My teenstander beskou word, want dit berg al die nog nie verloste geestelike in homself.

My teenstander kan die geestelike gedurende die tyd van sy gebondenheid nie beïnvloed nie; terwyl die ligwêreld die geestelike kan bystaan en wat steeds weer by die vrywording kan help. - Dog die mens het weer sy invloed te vrees, maar hoef slegs sy wil korrek te rig en dit na My toe te wend, en Ek sal hom aanneem en waarlik uit die hande van My teenstander ontruk.

Maar hierdie wilsproef moet die mens self aflê, hy word nóg deur My, nóg deur My teenstander ten opsigte van sy wil gedwing. Hy moet self sy goddelikheid bewys, deurdat hy na die lig verlang, waarvan hy eens uitgegaan het.

AMEN